

INVIA
STELLENBOSCH

# LIFE TIME | LEEF-TYD

Refleksie notas:

Ouerword is onafwendbaar en universeel – dis deel van die natuurlike siklus van die lewe. Vir sommiges veroorsaak dit ‘n eksistensiële krisis, aangevuur deur ‘n samelewing en kultuur wat mense aanmoedig om die verouderingsproses te ontken en teen te staan.

**Met Life Time | Leef-Tyd** wil ons veroudering verken as ‘n nuwe ontwikkelingsfase van die lewe met sy eie betekenis. Ons wil probeer uitvind hoe om die meeste te maak van hierdie tyd; hoe om so betekenisvol, kreatief, lewegewend en waardig as moontlik te leef.

## WILLIE ESTERHUYSE

<u>In hierdie afdeling verken ons die volgende vrae:</u>

- in/deur wat vind ek my identiteit
- watter rol speel omgee in my lewe
- watter rol speel my gesin/familie in my lewe
- hoe voel ek oor ouer word
- hoe voel ek oor die dood
- is ek bang vir doodgaan
- wat beteken dit vir my om bekend te wees
- wat beteken dit vir my om nie meer in die openbare oog te wees nie

Besin oor Willie se woorde:

- "As jy nie vir mense omgee nie, wat maak jy hier?"
- "*Peacemaking*, belangrikste ding in die wêreld."
- "Ek wil nie sê ek haat die ouderdom nie, maar dit wat met die ouderdom gepaard gaan. Alles word stadiger. Jou denkprosesse word stadiger, jou entoesiasme word stadiger, en wat veral stadiger word, is jou motivering vir iets."
- "Jy vereensaam binne jouself. Jou intellektuele groepering wat jy gehad het wat jou ook gemotiveer het, word nie net kleiner nie, hulle self word stiller."

Verdere refleksie:

- Willie sê as jy nie omgee vir mense nie, kan jy so intelligent wees soos jy wil. Hy vra – as jy nie omgee vir mense nie, wat maak jy hier op aarde? Hoe kry die etiek van omgee gestalte in my lewe?

## LEES VOORSTELLE:

**Invia:**

- On The Brink of Everything. Grace, Gravity and Getting Old. **Parker J. Palmer**
- Ageless Soul. The Lifelong Journey Toward Meaning and Joy. **Thomas Moore**

**Willie:**

- Afskeid van Apartheid. **Willie Esterhuyse**
- Eindstryd. **Willie Esterhuyse**

*"As jy nie vir mense omgee nie, wat maak jy hier?"*